

DWARS

2 As ’n sjokoladestafie R3,80 kos, hoeveel kleingeld sal jy kry as jy met ’n R10-noot betaal? … rand twintig sent

3 Gee die Engelse woord vir kameelperd.

5 Wat is die naam van 'n baie ou klipgebou met driehoekige mure wat 'n punt aan die bokant vorm en veral in Egipte voorkom?

6 Watter soort dier is op die vlag van Zimbabwe?

8 Watter kleur is die onderste streep van die Verenigde State van Amerika se vlag?

10 Die woord “hippopotamus” kom van twee Griekse woorde wat “rivierperd” beteken, maar die seekoei lyk eerder meer soos watter soort dier met ’n krulstertjie?

13 Wat noem ons die dik wolk van klein druppeltjies water wat naby die grond is en dit moeilik maak vir ons om te sien?

16 Wat is die naam van Amerika se hoofstad?

17 Hoeveel paar vlerke het ’n naaldekoker?

18 Wat noem ’n mens die baie groot stuk land met ’n klomp lande op wat baiekeer deur water omring word?

AF

1 Met wie het Wendy Darling vriende gemaak?

2 Wat noem ’n mens ’n strook sand of klippies waar die land en die see bymekaarkom?

4 Waarmee is die grootste deel van die Aarde hoofsaaklik bedek?

6 Hoeveel tale gebruik ’n mens wanneer jy Suid-Afrika se volkslied sing?

7 Watter swart en wit seevoël kan nie vlieg nie?

9 Wat is die kleur van Suid-Afrika se R200-noot?

11 Wat noem ’n mens die vier dele van ’n skooljaar wanneer leerders skool toe gaan?

12 Watter van Suid-Afrika se buurlande het ’n hoed op hul vlag?

14 Die drie items op Swaziland se vlag is ’n skild en twee …

15 Watter klein diertjie met lang ore, ’n sagte pels en ’n kort stertjie grawe ’n gat waarin hy woon?